

KRITIESE ONDERSOEK NA DIE OPENBAARMAKING VAN DIE REKENINGKUNDIGE
BELEID GEBRUIK IN FINANSIËLE STATE VAN NYWERHEIDSBEHERENDE MAAT-
SKAPPYE GENOTEER OP DIE JOHANNESBURGSE EFFEKTEBEURS

deur

D.C. VAN DER MERWE (HONNS. B.COMM.)

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad

MAGISTER COMMERCII
(Rekeningkunde)

in die
Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe
van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Onder leiding van Prof. Dr. J.H. Els (D.Comm., G.R. (S.A.))

POTCHEFSTROOM

Desember 1983

DANKBETUIGING

Ek wil graag my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone:

My geagte studieleier, prof. J.H. Els, hoof van die Departement van Rekeningkunde, vir sy waardevolle hulp, geduld en leiding met die aanbieding van hierdie skripsie.

Mev. D. Pienaar vir die taalkundige versorging.

Mev. P. Feiertag wat verantwoordelik was vir die tik van die skripsie.

Mnr. H.W. Lessing vir die Engelse vertaling van die opsomming.

My ouers vir hulle belangstelling en ondersteuning.

My vrou vir haar geduld, liefde en opofferings.

D.C. VAN DER MERWE

POTCHEFSTROOM

Desember 1983

INHOUDSOPGAVE

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1. Inleiding
2. Probleemstelling
3. Methode van onderzoek

HOOFSTUK 1

REKENINGKUNDE, FINANSIËLE STATE EN GEBRUIKERS VAN FINANSIËLE STATE

1.1 Inleiding: Rekeningkunde	1
1.2 Financiële state	2
1.2.1 Inleiding	2
1.2.2 Vereistes van financiële state	2
1.2.3 Doel van financiële state	4
1.2.4 Beperkings van financiële state	6
1.3 Inkomstestaar	7
1.4 Balansstaar	8
1.5 Gebruikers van financiële state	8
1.5.1 Inleiding	8
1.5.2 Eksterne gebruikers	9
1.5.2.1 Verskillende klasse van eksterne gebruikers	9
1.5.3 Interne gebruikers	10

INHOUD (vervolg)

1.6	Gevolgtrekking	10
-----	----------------	----

HOOFSTUK 2

OPENBAARMAKING VAN REKENINGKUNDIGE BELEID EN ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

2.1	Openbaarmaking	12
-----	----------------	----

2.1.1	Inleiding	12
-------	-----------	----

2.1.2	Finansiële state statutêr voorgeskryf	13
-------	---------------------------------------	----

2.2	Rekeningkundige beleid	14
-----	------------------------	----

2.2.1	Inleiding	14
-------	-----------	----

2.2.2	Oorwegings by die keuse van rekeningkundige beleid	18
-------	--	----

2.2.3	Openbaarmaking van rekeningkundige beleid	19
-------	---	----

2.2.3.1	Inleiding	19
---------	-----------	----

2.2.3.2	Openbaarmakingsvereistes	19
---------	--------------------------	----

2.2.4	Verandering van rekeningkundige beleid	21
-------	--	----

2.2.4.1	Inleiding	21
---------	-----------	----

2.2.4.2	Openbaarmaking van 'n verandering in rekeningkundige beleid	22
---------	--	----

2.2.5	Die belangrikheid van rekeningkundige beleid	23
-------	--	----

INHOUD (vervolg)

2.3	Algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk	23
2.3.1	Inleiding	23
2.3.2	Ontstaan van algemeen aanvaarde rekeningkundige beleid	24
2.3.3	Gesag van standpunte oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk	26
2.4	Gevolgtrekking	27

HOOFSTUK 3

REKENINGKUNDIGE BELEID: OPENBAARMAKING IN DIE PRAKTYK

3.1	Inleiding	28
3.2	Statutêre asook vereistes van algemeen aanvaarde rekeningkundige standpunte ten opsigte van openbaarmaking	30
3.3	Evaluering van openbaarmaking van rekeningkundige beleid	32
3.3.1	Inleiding	32
3.3.2	Algemene beleid	35
3.3.3	Spesifieke beleid	38
3.3.4	Verandering in rekeningkundige beleid	40
3.3.5	Samevatting	41

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

4.1	Inleiding	42
-----	-----------	----

INHOUD (vervolg)

4.2	Rekeningkunde, finansiële state en gebruikers van finansiële state	42
4.3	Openbaarmaking van rekeningkundige beleid en algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk	43
4.4	Rekeningkundige beleid: openbaarmaking in die praktyk	44

BYLAES

5.1	Bylae A: Toekenning van nommers aan die nywerheids-beherende maatskappye gebruik in die ondersoek	46
5.2	Bylae B: Die beoordeling van die openbaarmaking van die rekeningkundige beleid van die maatskappye ondersoek	47

BIBLIOGRAFIE	48
--------------	----

SUMMARY	52
---------	----

INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1. INLEIDING

Die hele rekeningkundige proses kulmineer uiteindelik in 'n verslag van die finansiële resultate en finansiële toestand van 'n entiteit, nl. 'n inkomstestaat en balansstaat en vir maatskappye, ook die bron- en aanwending van fondse staat. Om tot hierdie eindresultaat te kom, impliseer dat 'n bepaalde item onderhewig kan wees aan die gebruikmaking van verskillende rekeningkundige grondslae. Watter rekeningkundige grondslag vir 'n bepaalde item gebruik word, kan slegs beoordeel word indien die gebruiker van finansiële state insae kan kry in die gebruik van die bepaalde rekeningkundige grondslag. Die ondersoek word gedoen om vas te stel hoedanig die rekeningkundige beleid van 'n aantal nywerheidsbeherende maatskappye in hul finansiële state geopenbaar word. Rekeningkundige beleid is die bepaalde rekeningkundige grondslae wat ten aansien van die onderneming as gepas beskou en, in die opstelling van finansiële state, toegepas word. Openbaarmaking in hierdie konteks impliseer die beskikbaarstelling van wesenlike inligting.

2. PROBLEEMSTELLING

Omdat, soos gestel is, meer as een rekeningkundige grondslag vir 'n bepaalde item gevolg kan word, moet die rekeningkundige beleid geopenbaar word. Die Suid-Afrikaanse Maatskappywet no. 61 van 1973 bepaal tans dat finansiële jaarstate ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk opgestel moet word. Die openbaarmaking van rekeningkundige beleid is 'n algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

Openbaarmaking van inligting is dikwels onvoldoende of onvolledig. Dickenson (1976:432) is teleurgesteld dat die bestuur wetlik verplig word om aan die aandeelhouders verslag te lewer. Die logiese gevolg, volgens hom, lei daartoe dat die absolute minimum inligting geopenbaar word, met die gevolg dat hierdie tipe verslaglewering dikwels impliseer dat bestuur gegewens verberg wat hulle nie graag wil openbaar nie.

Herman (1980:53) is weer van mening dat jaarverslae lywiger en moeiliker verstaanbaar raak. Dit wil vir hom voorkom asof daar gepoog word om elke gebruiker van finansiële state in ag te neem.

Indien die rekeningkundige beleid gebruik in die aanbieding van items in die finansiële state behoorlik geopenbaar word, behoort daar nie klagtes te wees oor te min of te veel inligting vervat in finansiële jaarstate nie. Daar kan slegs 'n behoorlike beeld van 'n maatskappy gevorm word indien die beleid toegepas in die behandeling van betekenisvolle items, openbaar gemaak word. 'n Bedrag van R10 000 op die inkomtestaat t.o.v. depresiasie op vaste bates met geen verdere verwysings nie, minder betekenisvol is as die geval waar die beleid gevolg in die vasstelling van depresiasie geopenbaar word.

Die doel van hierdie studie is eerstens om krities ondersoek in te stel na die openbaarmaking van rekeningkundige beleid in finansiële state van 'n aantal nywerheidsbeherende maatskappye sodat vasgestel kan word of die belanghebbende partye heeltemal tevrede is met die inligting soos vervat in finansiële state. Tweedens, aangesien die openbaarmaking van rekeningkundige praktyk eers 'n paar jaar gelede van toepassing gemaak is, of die openbaring van rekeningkundige beleid wel deur hierdie maatskappye ten volle begryp word en só geopenbaar

word dat gebruikers van state dit verstaan en konsekwent is ten einde werklik vergelykbare state tot gevolg hê.

3. METODE VAN ONDERSOEK

Die metode aangewend is om eerstens die literatuur in hierdie verband te verken. Tweedens om standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyke deur die Rekeningkundige Praktykeraad goedgekeur en deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgereik, asook ander standpunte, te bestudeer. Derdens om die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet no. 61 van 1973 uit te lig soos van toepassing. Vierdens is die jongste finansiële state van 'n aantal nywerheidsbeherende maatskappye genoteer op die Johannesburgse Effektebeurs aangevra ten einde te beslis of dit aan die gestelde vereistes voldoen of nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die finansiële jaarstate beperk tot slegs die inkomstestaat en balansstaat.

Hoofstuk 1 gee aandag aan die omskrywing van rekeningkunde asook die finansiële state, nl. inkomstestaat en balansstaat. Die doel en vereistes van finansiële state word uitgelig. Die persone en instansies wat finansiële state gebruik, word nader beskryf.

Hoofstuk 2 gee 'n uiteensetting van openbaarmaking, rekeningkundige beleid - en algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk - die ontstaan en gesag daarvan.

In Hoofstuk 3 word die finansiële state (inkomstestaat en balansstaat) van die maatskappye krities ondersoek. Die ondersoek word met behulp van 'n bylae gedoen waardeur gepaste kommentaar aangeteken sal word.

Hoofstuk 4 gee 'n opsomming en samevatting van die ondersoek. Enkele aanbevelings word in hierdie verband gedoen.

HOOFSTUK 1

REKENINGKUNDE, FINANSIËLE STATE EN GEBRUIKERS VAN FINANSIËLE STATE

1.1 INLEIDING: REKENINGKUNDE

Wat is rekeningkunde nou eintlik? Dit is belangrik aangesien ons samelewing 'n behoefte het aan inligting oor die finansiële resultate van ondernemings se ekonomiese bedrywighede en die gevolglike finansiële stand van sake.

"Accounting may be described as a service activity the function of which is to provide quantitative information, primarily financial in nature about economic entities that is intended to be useful in making economic decisions " (Spiller, 1977: 3). Rekeningkunde word soms tereg die taal van die sakewêreld genoem. Net soos 'n taal, is die rekeningkunde ook 'n kommunikasiemedium met dié verskil dat dit betrekking het op finansiële inligting.

Volgens Faul et al. (1974: 2) behels die vakgebied van die Rekeningkunde die identifisering, meting, aantekening, verwerking, vertolking en kommunikasie van die finansiële resultate van die ekonomiese bedrywighede van individuele ondernemings. Dit is eerstens nodig om die plaasvind van 'n gebeurtenis wat 'n onderneming kan beïnvloed, te identifiseer. Vervolgens moet die effek daarvan in terme van geld gemeet en aangeteken word. Daarna moet die aangetekende inligting verwerk word deur dit te klassifiseer en op te som in sodanige vorm waarin dit 'n betekenisvolle geheelbeeld van die finansiële resultate van die betrokke bedrywighede weergee. Die verwerkte inligting word dan gekommunikeer aan diegene wat dit benodig en wat dit vertolk en gebruik.

Dit is belangrik om daarop te let dat rekeningkunde dinamies is. Kieso en Weygandt (1983: 4) stel dit duidelik dat die doel en praktyk van rekeningkunde vandag nie dieselfde is as dié in die verlede nie, weens die ontwikkeling van die rekeningkundige teorie om te voldoen aan die veranderde vereistes en invloede.

1.2 FINANSIËLE STATE

1.2.1 INLEIDING

Die primêre doelwit van die rekeningkundige proses is die daarstelling van finansiële state wat inligting voorsien aan die gebruikers van finansiële state.

Volgens Meigs et al. (1977:11) is finansiële state 'n manier waardeur 'n bondige prentjie van die winsgewendheid en finansiële toestand van die besigheid aan die gebruikers van finansiële state oorgedra word.

Finansiële state is die eindproduk van die rekeningkundige proses, maar vorm die basis waarop besluite deur die gebruikers van finansiële state geneem word.

1.2.2 VEREISTES VAN FINANSIËLE STATE

Ten einde bruikbaar te wees vir die belanghebbende party, moet finansiële state aan bepaalde vereistes voldoen. Hawkins (1977:70) onderskei die volgende vereistes :

- Finansiële state moet inligting verskaf wat verstaanbaar is vir die gebruikers van die state en wel in besonder t.o.v. vorm en terminologie. Dit impliseer dat die gebruikers insae moet kry in die

aard van die besigheid, die finansiële rekeningkundige proses asook die taalgebruik in die finansiële state. Hierdie vereistes kan slegs tot sy reg kom indien die vereiste inligting behoorlik openbaar gemaak word.

Hierdie inligting wat behoorlik geopenbaar moet word, moet volgens Lee (1976:61) aan die volgende vereistes voldoen:

- Die inligting moet geloofwaardig wees, m.a.w. die inligting moet sodanig wees dat dit geglo kan word.
- Die inligting moet relevant wees, m.a.w. dit moet so realisties as moontlik wees, maar moet ook die gebruiker se onsekerheid in die besluitnemingsproses verminder.
- Die inligting moet wesenlik wees sonder dat die gebruiker hom hoef te bemoei met onbelangrike inligting.
- Die inligting moet regverdig weergegee word so objektief as moontlik.
- Die inligting moet verstaanbaar wees.
- Die inligting moet vergelykbaar wees met dié van vorige tydperke.

Slegs wanneer aan hierdie vereistes voldoen is, kan die inligting bruikbaar word vir diegene wat dit gaan benodig.

- Die finansiële state uitgereik deur 'n maatskappy moet vergelykbaar wees. Dit beteken dat :

- die vorm van finansiële state dieselfde moet wees;
- dieselfde items van die rekeningkundige rekords vir elke periode onder dieselfde opskrif behandel moet word;
- die rekeningkundige beginsel gebruik in die opstel van finansiële state onveranderd moet bly (indien dit verander, moet die verandering asook die effek daarvan behoorlik geopenbaar word) Standpunt 1. 003 (1976: par. 16);
- verandering in die omstandighede van die maatskappy geopenbaar moet word;
- die rekeningpligtige tydperk elke keer dieselfde moet wees;
- die rekeningpligtige datum dieselfde moet wees.

Indien finansiële state sodanig opgestel word dat dit van geen nut vir die gebruikers is nie, dan slaag dit nie in sy doel om met belanghebbende partye te kommunikeer nie. Indien die boodskap van die finansiële state sodanig geformuleer is dat die ontvanger dit nie verstaan nie, het geen kommunikasie plaasgevind nie.

1.2.3 DOEL VAN FINANSIËLE STATE

Finansiële state moet aan bepaalde vereistes voldoen, maar wat is die eintlike doel/oogmerk van finansiële state?

McMullen (1979: 3) stel die doel van finansiële state as volg:

- Die voorsiening van betroubare inligting oor ekonomiese bronne en verpligtinge van 'n besigheidsentiteit. Dit gee 'n aanduiding hoe die bronne gefinansier is, asook die vermoë van die entiteit om te oorleef en te groei.
- Vervolgens word inligting voorsien t.o.v. die verandering in netto bronne van 'n entiteit wat die gevolg is van sy besigheidsaktiwiteit. Bykans elke gebruiker van finansiële state van 'n entiteit het belang by die finansiële resultaat vir die betrokke periode.
- Inligting word in finansiële state voorsien sodat die verdienste potensiaal van 'n entiteit bepaal kan word.
- Inligting word verskaf oor verandering in ekonomiese bronne en verpligtinge nie veroorsaak deur die besigheidsaktiwiteit nie, maar wat 'n invloed het op bedryfskapitaal en fondsevloei.
- Inligting word geopenbaar wat relevant is vir die gebruikers van finansiële state. Inligting oor die rekeningkundige beleid, bv. depresiasie en voorraad asook voorwaardelike aanspreeklikhede, word voorsien.

Kieso en Weygandt (1983: 7) stem in hul uiteensetting oor die doel van finansiële state in alle opsigte saam met McMullen.

Telkens blyk dit duidelik, en in besonder uit die doel van finansiële state, dat finansiële state inligting verskaf aan die belanghebbende groepe wat elkeen hierdie inligting verwerk, eie aan sy behoefte.

Faul et al. (1974:381) gee die volgende opsomming van die doel van finansiële state: "Die doel van finansiële verslae is om te

kommunikeer met belanghebbende partye. Daarom moet die inligting in finansiële verslae in so 'n vorm gegiet word dat dit relevante inligting sinvol, verstaanbaar en bruikbaar na vore bring sodat die leser daarop kan reageer en dit vir besluitneming kan gebruik".

Ten einde aan hulle doel te beantwoord, moet finansiële state aan bepaalde vereistes voldoen.

1.2.4 BEPERKINGS VAN FINANSIËLE STATE

Oor die belangrikheid van finansiële state is daar geen twyfel nie, tog moet die beperkings van finansiële state nie uit die oog verloor word nie. Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1971: 57, 879) definieer 'n "beperking" en "tekortkoming" as volg :

- beperking: "grens"
- tekortkoming: "nie voldoen aan gestelde eise nie".

Bernstein (1983:27) gee die volgende belangrike beperkings aan finansiële state:

- Belangrike feite betreffende die entiteit kan glad nie in terme van 'n monetêre eenheid uitgedruk word nie. Byvoorbeeld, finansiële state verskaf min inligting oor die karakter, gemotiveerdheid en ondervinding van die menslike element.
- Die behoefte om die grootte en inhoud van finansiële state binne aanvaarbare perke te hou, vereis 'n hoë graad van opsomming van finansiële gebeure in die boekstawingsproses asook die voorbereiding van finansiële state.

- Die aanwesigheid van skattings en opinies in finansiële state is onvermydelik. Finansiële state kan moontlik nie eenvormig wees nie, weens die verskil in karakter en voorbereiding van finansiële state deur rekenmeesters.
- Die behoefte bestaan om vir relatiewe kort periodes finansiële state op te stel, normaalweg vir 'n jaar, maar om dit te bewerkstellig, vereis berekenings gebaseer op opinies en dit bring mee dat onsekerheid in finansiële state ingebou word.
- Finansiële state is gebaseer op historiese koste wat in die meeste gevalle nie huidige markwaardes verteenwoordig nie, wat 'n beperking plaas op die gebruik van finansiële state.
- Die waarde van geld in terme van algemene koopkrag het baie fluktuasies ondergaan en wel 'n dalende tendens geopenbaar. Die bring mee dat finansiële state oor 'n tydperk moeilik vergelykbaar is.

Die derde beperking kan eerder as 'n tekortkoming deurgaan aangesien dit 'n vereiste van finansiële state is om vergelykbaar te wees. Indien die opstellers van finansiële state nie ingestel is op die eenvormige voorbereiding van finansiële state nie, is dit 'n belangrike tekortkoming van finansiële state weens die feit dat finansiële state nie vergelykbaar is nie.

1.3 INKOMSTESTAAT

Die ekonomiese resultaat van 'n onderneming se aktiwiteite, die wins of verlies, word gemeet aan die verskil tussen die waarde wat die entiteit verdien en die waarde wat dit opoffer. Hierdie finansiële resultaat oor 'n tydperk word in die inkomstestaat bereken.

"An income statement presents the results of operations, that is, it reports, for a specific period of time, the items that comprise the total revenue and the total expense and the resulting net income " (Welsch en Anthony, 1977:33).

1.4 BALANSSTAAT

Die balansstaat gee 'n flitsbeeld van die finansiële toestand van 'n entiteit op 'n gegewe tydstip. "The balance sheet is 'n statement of the financial status of the firm as recorded by the accountant. It gives a picture of the financial affairs of a firm at a particular moment in time. It tells little of how the firm arrived at this situation, but it does tell where the firm is as of the date of the statement within the limitations of the accounting records " (Bierman en Drebein, 1972:20).

Die finansiële toestand impliseer volgens Faul et al. (1974:29) meer as net 'n enkele stelling dat die vermoë of rykdom van 'n onderneming op 'n bepaalde bedrag waardeur word. Die finansiële toestand word beskryf, volgens hom deur die aard en waardasies van die bates wat dit besit, die aard en omvang van die skulde wat dit het en die aard en omvang van die resulterende eienaarsbelang.

1.5 GEbruikers VAN FINANSIËLE STATE

1.5.1 INLEIDING

Die gebruikers van finansiële inligting word volgens Faul et al. (1974:4) in twee hoofgroepe verdeel - die eksterne gebruikers wat hoofsaaklik deur die finansiële rekeningkunde bedien word en die interne gebruikers wat ook deur die bestuursrekeningkunde bedien word.

1.5.2 EKSTERNE GEBRUIKERS

'n Persoon of instansie is 'n eksterne gebruiker wanneer 'n finansiële belang in die onderneming verkry is of oorweging geskenk word om 'n belang te verkry asook uit persone en instansies wat geen direkte finansiële belang in die onderneming het nie.

1.5.2.1 VERSKILLENDE KLASSE VAN EKSTERNE GEBRUIKERS

- AANDEELHOERS

Volgens Visser (1979:62) kry finansiële state 'n besondere betekenis by die maatskappyvorm waar, anders as by persoonlike ondernemings, die risikokapitaal voorsien word deur persone wat nie met die bestuur en leiding belas is nie. Vir die aandeelhouders is die finansiële jaarstate 'n inligtingsbron oor hoe die bestuur hul bestuursopdrag uitgevoer het, hoe groot die wins is en hoe dit aangewend en verdeel sal word. Die aandeelhouer stel primêr belang in 'n gereelde dividend asook in die markwaarde van sy aandeelhouding.

- KREDITEURE

Die krediteur het belang by inligting voorsien deur finansiële state volgens Bernstein (1978:42) omrede hy belangstel in sekuriteit vir die fondse deur hom voorsien. Hy wil verder 'n opinie vorm oor die teenwoordigheid van fondse en toekomstige winsmoontlikhede aangesien hy periodiek in die vorm van rente vergoed moet word en sy leningsbedrag na 'n bepaalde tyd terugbetaal moet word.

- EKSTERNE GEBRUIKERS WAT GEEN FINANSIËLE BELANG BY DIE ONDERNEMING HET NIE

Hierdie gebruikers stel belang in die finansiële inligting oor 'n bepaalde onderneming alhoewel hulle geen finansiële belang het nie. Onder die belangrikstes is Staatsdepartemente soos die Departement van Binnelandse Inkomste wat inligting benodig vir inkomstebelastingdoeleindes en die Departement van Handel en Nywerheid wat die inligting hoofsaaklik gebruik om nasionale tendense in die ekonomie te bepaal.

1.5.3 INTERNE GEBRUIKERS

In enige groot onderneming en veral in die maatskappyvorm word die fondse toevertrou aan 'n persoon of groep persone wat die bestuur genoem word. Hulle stel belang in die inligting voorsien deur finansiële state, aangesien hierin die finansiële resultaat van hulle optrede weerspieël word.

1.6 GEVOLGTREKKING

Die essensiële belang van behoorlike byhou van rekeningkundige rekords en die opstel van finansiële state uit hierdie rekords word verder beklemtoon deur artikel 300 (g) en (i) van die maatskappywet no. 61 van 1973 wat bepaal dat 'n ouditeur van 'n maatskappy die plig het om homself te vergewis dat die maatskappy se finansiële jaarstate ooreenstem met sy rekeningkundige rekords. Hy moet homself verder vergewis van die inhoud van hierdie rekeningkundige rekords, sodat die finansiële jaarstate die finansiële resultate van die maatskappy of van die maatskappy en sy filiale se bedrywighede, asook hulle finansiële toestand ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk,

toegepas op 'n grondslag wat verenigbaar is met dié van die voorgaande jaar, redelik weergee.

Dit bring ons weer by die punt dat die inligting wat deur finansiële state voorsien word, bruikbare inligting moet wees en dit is slegs bruikbaar indien die inligting die "waarheid" weerspieël.

HOOFSTUK 2

OPENBAARMAKING VAN REKENINGKUNDIGE BELEID EN ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

2.1 OPENBAARMAKING

2.1.1 INLEIDING

Die begrip openbaarmaking is selfverduidelikend, maar die gebruik hiervan in finansiële terme het 'n dieperliggende betekenis. Spiller (1977:23) stel dit as volg: "Full disclosure of completeness requires that all material accounting data that might be of significance to a reasonably intelligent user be disclosed. There should be no unnecessary summarization. Moreover, the quantitative information should be supplemented by narrative explanations necessary for accurate interpretation by the reader." Finansiële jaarstate moet dus behoorlike en wesenlike inligting openbaar.

Bernstein (1978:26) sluit hierby aan en stel dat volle openbaarmaking nie beteken dat die gebruiker verwar moet word met 'n oormaat van feite nie. Dit beteken dat inhoud bo vorm beklemtoon moet word en die aanbieding van feite sodanig moet wees dat dit werklik van nut kan wees om tot 'n beslissing te kom. 'n Oormaat nie-wesenlike inligting kan net so skadelik wees as 'n tekort aan wesenlike inligting.

Die wese van openbaarmaking is daarin te vind dat die belanghebbende party beveilig word deurdat finansiële state wesenlike inligting moet weergee. Dit is vervolgens die reg van die belanghebbende partye dat inligting aan hulle geopenbaar word, aangesien hulle in die meeste gevalle 'n finansiële belang by die onderneming het.

2.1.2 FINANSIËLE STATE STATUTÊR VOORGESKRYF

Die Maatskappywet no. 61 van 1973 bepaal in artikel 286 (1 en 2) dat die direkteure van 'n maatskappy t.o.v. elke boekjaar van die maatskappy finansiële jaarstate in een van die amptelike tale moet laat opstel en voor die algemene vergadering lê en dit moet bestaan uit:

- 'n balansstaat, insluitende aantekeninge daarop of 'n dokument daarby aangeheg wat inligting deur hierdie wet vereis, verstrek;
- 'n inkomtestaat, insluitende 'n soortgelyke finansiële staat waar sodanige vorm gepas is en insluitende aantekeninge daarop of 'n dokument daarby aangeheg wat inligting deur hierdie wet vereis, verstrek;
- 'n direkteursverslag wat voldoen aan die vereistes van hierdie wet;
- 'n ouditeursverslag soos vereis deur die wet.

Paragraaf 44 van Bylae 4 bepaal dat 'n staat van bron en aanwending van fondse by die balansstaat aangeheg moet word wat impliseer dat die fondsestaat ook as 'n bykomstige komponent van die finansiële jaarstate aangebied kan word.

Die Maatskappywet bepaal voorts in artikel 286 (3) dat finansiële jaarstate van 'n maatskappy, ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, die toestand van die sake van die maatskappy en sy besigheid aan die einde van die betrokke boekjaar en die wins of verlies van die maatskappy vir daardie boekjaar redelik moet weergee en vir daardie jaar in ooreenstemming moet wees met, en ten minste insluit, die

aangeleenthede voorgeskryf deur Bylae 4, vir sover dit toepaslik is en aan enige ander vereistes van hierdie wet voldoen. Paragraaf.44 van Bylae 4 bepaal dat 'n staat van bron en aanwending van fondse by die balansstaat gevoeg moet word wat impliseer dat aan die belanghebbendes meer inligting geopenbaar word.

Visser (1979:81) vra die vraag af waarom dit nodig is dat openbaarmaking statutêr afgedwing moet word. Hy antwoord deur eerstens te stel dat ondervinding t.o.v. bedrog in die verlede bewys het dat wetgewing onmisbaar is. Tweedens is wetgewing volgens hom nodig om 'n mate van gestandaardiseerde boekhouding te verkry om wanvoorstelling en verbloeming te voorkom.

Veronderstel dat openbaarmaking van inligting nie deur wetgewing afgedwing word nie, is die logiese gevolg dat bestuur finansiële jaarstate sodanig in hulle guns sal manipuleer dat die belanghebbende party geen vertroue in die finansiële jaarstate sal hê nie. Dit sal geen gesonde ekonomiese toestand in 'n land skep nie.

2.2 REKENINGKUNDIGE BELEID

2.2.1 INLEIDING

Voordat meer in besonder na rekeningkundige beleid verwys word, is dit belangrik om die begrip "rekeningkundige beleid" te omskryf. Die ekonomiese bedrywighede van die mens en sy instellings word deur basiese ekonomiese waarhede of wette gemotiveer en gereguleer. Die karakter van hierdie wette is tweërlei van aard. Eerstens het dit die aard van standpunte wat in 'n samelewing algemeen aanvaar word met betrekking tot die ekonomiese orde in daardie samelewing. Die samelewing het 'n konsep van 'n bepaalde ekonomiese orde en skep 'n ekonomiese stelsel om daardie bepaalde orde in stand te hou.

Tweedens het dit die aard van natuurlike wette in die sin dat bepaalde oorsake bepaalde gevolge het. Die erkenning van persoonlike rykdom wat voortspruit uit die eksklusiewe persoonlike besit of eiendomsreg op dinge van waarde kan as 'n primêre ekonomiese waarheid beskou word. Hierdie ekonomiese waarde vorm die basis van die postulate van die rekeningkunde (Faul et al.,1974:22).

"'n Postulaat kan beskou word as 'n stelling, veronderstelling of hipotese wat as sodanig aanvaar word vir doeleindes van die formulering van relevante idees en logiese gevolgtrekkings " (Faul et al.,1982:25). Rekeningkundige postulate moet beskou word as basiese norme, basiese standaarde en basiese riglyne wat daargestel word vir die rekeningkundige dissipline om as basis te dien vir die bereiking van die gestelde doelwit.

Myns insiens kan 'n postulaat beskou word as die relevante en geldige omskrywing en aannames van 'n bepaalde toestand binne die rekeningkundige konteks, sodanig dat die voorsiening van goeie inligting die sentrale doelwit vorm.

'n Beginsel kan omskryf word as 'n grondslag waarvolgens iets werk of waarvolgens opgetree word. Onderskeiding kan tussen twee soorte beginsels gemaak word, naamlik 'n absolute waarheid en 'n algemeen aanvaarde reël wat deur die mens self as 'n leidraad vir sy optrede neergelê word. Rekeningkundige beginsels ressorteer in die tweede groep: dit is algemeen aanvaarde reëls wat op basis van gepostuleerde omstandighede ontwikkel is en wat as leidrade dien vir die praktyk van rekeningkunde (Faul et al.,1982:27).

Volgens Van der Merwe (1976:20) is die vereistes van enige rekeningkundige beginsel dat die toepassing daarvan eerstens ondubbelsinnige, bruikbare inligting sal verskaf. Bruikbaarheid impliseer volgens hom waarheid, relevantheid, ondubbelsinnigheid, absolute objektiwiteit en betroubaarheid. Tweedens behoort 'n beginsel prakties uitvoerbaar te wees en dit kan slegs in die praktyk getoets word.

'n Rekeningkundige beginsel is myns insiens 'n aanvaarde reël wat op die basis van gepostuleerde omstandighede ontwikkel is om 'n bepaalde rigting van konsekwente optrede neer te lê weereens gebaseer op die sentrale doelwit, naamlik die voorsiening van goeie inligting.

Die metodes en prosedures van die rekeningkunde bepaal hoe data en inligting volgens die beginsels in die rekeningkundige proses hanteer word. Dit is dus die reëls waarvolgens 'n onderneming se transaksies onder verskillende omstandighede binne die raamwerk van die beginsels aangeteken en die inligting verder behandel en uiteindelik aangebied behoort te word.

Metodes en prosedures van die rekeningkunde is myns insiens die wyse waarop te werk gegaan word vanaf die aantekening van transaksies tot die opstel van finansiële state.

'n Konvensie is 'n algemeen aanvaarde praktiese reël ten opsigte van die toepassing van 'n bepaalde metode of prosedure. Die belangrikste funksie van rekeningkundige konvensies is om 'n mate van eenvormigheid in rekeningkundige praktyk te skep. 'n Konvensie verskil van 'n beginsel in die opsig dat 'n beginsel op 'n basiese waarheid berus terwyl 'n konvensie slegs 'n praktiese reël is (Faul et al., 1982:29).

Sonder eenvormigheid is finansiële state van opeenvolgende tydperke nie vergelykbaar nie, daarom is dit noodsaaklik dat 'n bepaalde metode of prosedure konsekwent van tydperk tot tydperk toegepas word. 'n Konvensie is die praktiese reël waarvolgens hierdie konsekwente toepassing geskied.

"Accounting policies encompass the principles, basis, conventions, rules and procedures adapted by management in preparing and presenting financial statements. There are many different accounting policies in use even in relation to the same subject: judgement is required in selecting and applying those which, in the circumstances of the enterprise, are best suited to present properly its financial position and the results of its operations" (IAS 1, 1975: par. 8).

Die begrip rekeningkundige praktyk behels die gebruik van die algemeen aanvaarde metodes, prosedures en konvensies en die toepassing van beleid volgens die heersende omstandighede van elke geval — alles volgens die riglyne wat deur die beginsels, wat weer op die postulate berus, daar gestel is (Faul et al., 1974:25).

Rekeningkundige praktyk is myns insiens dus die algemeen omvattende beskrywing om alle aspekte van finansiële rekeningkundige metodes, prosedures, konvensies en beleid in te sluit.

Die voorafgaande behoort 'n betekenisvolle aanduiding te gee waar die toepassing van rekeningkundige beleid in die rekeningkundige opset sy bestaansreg vind. Rekeningkundige beleid omvat m.a.w. die beginsels, grondslae, begrippe en prosedures deur die bestuur toegepas by die opstel en aanbieding van finansiële state en dit vind binne die raamwerk van rekeningkundige praktyk plaas.

2.2.2 OORWEGINGS BY DIE KEUSE VAN REKENINGKUNDIGE BELEID

Die internasionale rekeningkundige standarde (IAS 1, 1979: par. 9) stel dat drie hoofoorwegings van deurslaggewende belang behoort te wees by die keuse van die toepaslike rekeningkundige beleid by die opstel van finansiële state, naamlik :

- Omsigtigheid: Die feit dat onsekerhede onvermydelik by baie transaksies aanwesig is, behoort erken te word deur omsigtigheid aan die dag te lê by die opstel van finansiële state.
- Die essensiële eerder as vorm: Transaksies en ander gebeure moet verantwoord en aangebied word in ooreenstemming met hul essensie en finansiële werklikheid eerder as die regsvorm waarin hul gegiet is.
- Wesenlikheid: Finansiële state moet alle items openbaar wat wesenlik genoeg is om waardasies en besluite te beïnvloed.

Faul et al. (1974:47) onderskei drie beleidsfaktore, nl. omsigtigheid, konsekwente toepassing en wesenlikheid wat hy kwalifiseer as universeel, omdat dit deurgaans deur alle entiteite onder bepaalde omstandighede toegepas word. Die beleid van konsekwente toepassing verg dat wanneer daar op 'n bepaalde basis of metode of prosedure of benadering besluit is, daarby gehou moet word en indien dit nodig is om daarvan af te wyk, moet die feit dat daar afgewyk is, asook die invloed van die afwyking op die finansiële toestand en resultate van die onderneming openbaar word.

Alhoewel daar meer oorwegings is by die keuse van die toepassing van rekeningkundige beleid, word volstaan by die belangrikste reeds gemeld.

2.2.3 OPENBAARMAKING VAN REKENINGKUNDIGE BELEID

2.2.3.1 INLEIDING

Die rekeningkundige beleid moet so omvattend as moontlik wees, sodanig dat dit elke gebied dek waar daar 'n keuse tussen rekeningkundige grondslae bestaan, om sodoende betroubare en ondubbelsinnige inligting aan die gebruikers van finansiële state deur te gee.

2.2.3.2 OPENBAARMAKINGSVEREISTES

- Die Rekeningkundige Praktykeraad het in sy Standpunt 1.001 (1974: par. 05) met vier begrippe gehandel, nl. "lopende saakbegrip", "paringsbegrip", "konsekwentheidsbegrip" en die "omsigtigheidsbegrip" as breë basiese veronderstellings wat die periodieke finansiële state van ondernemings ten grondslag lê. Hierdie begrippe is nie as sodanig waarneembaar by die lees van finansiële state nie, maar hulle word algemeen aanvaar sonder verduidelikings in finansiële state en alleen die nie-nakoming daarvan moet geopenbaar word.
- Lopende saakbegrip: Die onderneming sal in die afsienbare toekoms 'n bedryf bestaan voer.
- Paringsbegrip: Inkomste en uitgawes word geag toe te val en word teen mekaar opgeweeg in soverre as wat hul onderlinge verwantskap redelikerwys bepaal of aanvaar kan word, en word in die inkomste staat behandel in die tydperk waarop hulle betrekking het.

- Konsekwentheidsbegrip: Daar moet konsekwentheid in die rekeningkundige behandeling van soortgelyke items in elke rekeningkundige tydperk en van tydperk tot tydperk wees.
- Omsigtigheidsbegrip: Inkomste word nie vooruit in berekening gebring nie, maar slegs in die inkomstestaat ingesluit wanneer dit in kontant of in die vorm van 'n ander bate, waarvan die uiteindelijke realisering in kontant redelik seker is. Vir alle bekende uitgawes en verliese word voorsiening gemaak ongeag of die bedrag met sekerheid bepaal is en of dit slegs die beste beraaming aan die hand van die beskikbare inligting is.
- Die openbaarmaking van betekenisvolle rekeningkundige beleid behoort 'n integrale deel van die finansiële state te wees. Die verskillende fasette van rekeningkundige beleid behoort saam gegroepeer en openbaar gemaak te word en bondig uiteengesit te word (IAS 1, 1975: par. 19). "The preferable presentation of disclosing accounting policies is in the first footnote of the financial statements under the caption: Summary of Significant Accounting Policies" (Miller, 1982:2:01).

Volgens Miller (1982:2.01) is dit 'n vereiste dat 'n beskrywing van alle betekenisvolle rekeningkundige beleid van 'n entiteit 'n integrale deel van die finansiële state moet vorm. Die basis vir konsolidasie, depresiasiemetodes, amortisasie van ontasbare bates, voorraad, erkenning van winste by langtermynkontrakte en die erkenning van inkomste van "franchising" en bruikhuurtransaksies is enkele voorbeelde van rekeningkundige beleid. Die openbaarmaking van rekeningkundige beleid in finansiële state moet nie gedupliseer word nie, indien dit alreeds 'n integrale deel van finansiële state vorm.

Hierdie staat van rekeningkundige beleid moet volgens Everingham en Hopkins (1982: 6) so duidelik as moontlik wees, bv. 'n verklaring dat "die koste van vaste bates versprei word oor hulle nuttige lewensduur en sodanig koste amortiseer op 'n redelike basis" is betekenisloos en verbeter geensins die inhoud van finansiële state nie.

- 'n Verandering in rekeningkundige beleid wat 'n wesenlike uitwerking het of 'n wesenlike uitwerking in daaropvolgende rekenpligtige tydperke kan hê, moet met aangifte van redes openbaar word. Die uitwerking van die verandering moet, indien wesenlik, geopenbaar en gekwantifiseer word (IAS 1, 1975: par. 22).

2.2.4 VERANDERING VAN REKENINGKUNDIGE BELEID

2.2.4.1 INLEIDING

Konsekwentheid is 'n grondliggende rekeningkundige begrip wat impliseer dat wanneer 'n rekeningkundige beleid geïmplementeer is dit konsekwent toegepas moet word van een tydperk tot die volgende. "Daar behoort dus geen verandering in rekeningkundige beleid te wees nie, tensy dit geregverdig kan word op grond van 'n redeliker weergawe van die resultate en die finansiële toestand van die onderneming" (Standpunt 1.003, 1976: par. 16).

Weens nuwe gebeurtenisse, meer ondervinding of bykomende inligting kan ramings vir toekomstige gebeurtenisse aangepas word. 'n Verandering in raming word soms verwar met 'n verandering in rekeningkundige beleid, bv. wanneer twyfel ontstaan oor die toekomstige voordele wat uit 'n besteding verwag word en die koste direk afgeskryf word in plaas daarvan om dit oor die tydperk van die verwagte voordele te amortiseer.

'n Nuwe rekeningkundige metode word dus toegepas, in gedeeltelike of algehele erkenning van die verandering in geraamde toekomstige voordele. Sodanige verandering moet behandel word as 'n verandering in raming en nie as 'n verandering van rekeningkundige beleid nie.

2.2.4.2 OPENBAARMAKING VAN 'N VERANDERING IN REKENINGKUNDIGE BELEID

IAS 1 (1975: par. 22) stel dat die feit van 'n verandering in rekeningkundige beleid geopenbaar moet word tesame met die redes daarvoor. Verder moet die uitwerking van die verandering, indien wesenslik, geopenbaar en gekwantifiseer word.

Volgens Standpunt 1.003 (1976: par. 16) word die uitwerking van 'n verandering in rekeningkundige beleid as volg geopenbaar:

- Wanneer 'n wysiging tot 'n rekeningkundige beleid gedurende 'n boekjaar gemaak word, behoort die kumulatiewe aansuiwerings wat van toepassing is op vorige jare, net na die opskrif "netto inkomste" ingesluit te word. Dit het geen betrekking op die resultate van normale bedrywighede vir die huidige jaar nie en behoort nie ingesluit te word by die berekening van die netto inkomste voor buitengewone items vir die huidige jaar nie.
- Die vergelykende syfers vir netto inkomste voor en na buitengewone items vir die vorige jaar, moet op 'n pro forma basis bereken word asof die nuwe rekeningkundige beleid gedurende die vorige jaar toegepas was.
- Daar moet geopenbaar word, die invloed van die nuwe beleid op die netto inkomste voor en na buitengewone items t.o.v. die jaar van verandering.

2.2.5 DIE BELANGRIKHEID VAN REKENINGKUNDIGE BELEID

- Die rekeningkundige beleid toegepas in die voorbereiding van 'n finansiële staat, het 'n betekenisvolle invloed op die onderneming se finansiële resultate en posisie, veral waar meer as een rekeningkundige grondslag vir 'n bepaalde item bestaan. Die beeld deur die finansiële state weergegee, kan slegs behoorlik beoordeel word indien die beleid toegepas in die behandeling van betekenisvolle items openbaar gemaak word.
- 'n Paar wesenlike items, bv. voorraad, depresiasie van vaste bates, uitgestelde belasting, ens. het 'n groot invloed op die bepaling van die wins of verlies van byna elke onderneming. Die finansiële state behoort dus 'n duidelike verwysing na die rekeningkundige beleid gevolg in die behandeling van hierdie paar sleutelitems te bevat (Standpunt 1.001, 1974: par. 14 en 15).

2.3 ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

2.3.1 INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse Maatskappywet no. 61 van 1973 bepaal in artikel 286(3) dat die finansiële state van 'n maatskappy ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk die toestand van sake van die maatskappy en sy besigheid aan die einde van die betrokke boekjaar en die wins of verlies van die maatskappy vir daardie boekjaar redelik moet weergee en vir daardie doel in ooreenstemming moet wees met en ten minste insluit die aangeleenthede voorgeskryf deur Bylae 4, vir sover as wat dit toepaslik is, en aan enige ander vereistes van die Wet voldoen.

Die ouditeur van 'n maatskappy moet vervolgens ingevolge artikel 300 (i) van die Wet homself vergewis dat die finansiële jaarstate ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk voorberei is, op 'n grondslag vereenigbaar met dié van die voorafgaande jaar.

Die begrip "algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk" soos gebruik in artikel 286 (3) en artikel 300 (i), impliseer die standarde, prosedures en metodes wat in rekeningkundige praktyk algemeen nagekom word.

Die belangrikheid hiervan word deur McMullen (1979:18) uitgelig, deurdat hy dit stel dat binne die raamwerk van "generally accepted accounting principles" riglyne daargestel word wat noodsaaklik is, omrede dit:

- 'n hoë graad van konsekwentheid van inligting in finansiële state verseker;
- vergelykbaarheid van inligting verseker wat gebruik word deur die bestuur, krediteure, beleggers, die publiek en staatsdepartemente;
- 'n basis voorsien vir besluitneming en oplossing van probleme wat eie is aan die rekeningkundige sisteem.

2.3.2 ONTSTAAN VAN ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

Volgens Skinner (1972:26) moet 'n rekeningkundige metode aan die volgende vereistes voldoen om te kwalifiseer as 'n algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk:

- in algemene gebruik wees;

- amptelike ondersteuning geniet;
- in rekeningkundige literatuur opgeneem word.

Die Suid-Afrikaanse Maatskappywet no. 61 van 1973 het van krag geword met ingang van 1 Januarie 1974. Die Rekeningkundige Praktykeraad wat tot stand gekom het in 1973 was gestig met die funksie om algemeen aanvaarde praktyk neer te lê. Een van die samestellende liggame van die Rekeningkundige Praktykeraad is die S.A. Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (voorheen Nasionale Raad) en een van die vier soorte standpunte wat hierdie liggaam uitreik, is die standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk. Hierdie standpunte word slegs uitgereik nadat hulle deur die Rekeningkundige Praktykeraad goedgekeur is. Alle standpunte word eers as Geopenbaarde Konsepsandpunte bekend gestel voordat hulle deur die Instituut uitgereik word.

Die ontwikkeling van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk in Suid-Afrika was hoofsaaklik deur twee faktore beïnvloed :

- Die bestaan van 'n groot aantal maatskappye gestig in die buiteland met buitelandse aandeelhouders.
- Weens die stigting van die Internasionale Rekeningkundige Standaard Komitee het die behoefte ontstaan om standaarde te ontwikkel wat internasionaal aanvaarbaar is (Everingham and Hopkins, 1982:2).

Waar 'n botsing mag ontstaan tussen 'n internasionale standaard en 'n Suid-Afrikaanse rekeningkundige praktyk, stel die S.A. Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters in hul omsendbrief NC 2/76 dit as volg :

"The APB further considers, that should significant differences arise between accepted accounting practice in South Africa (whether or not covered by APB statements) and international standards, and prove incapable of harmonisation, the needs of the international user would normally be adequately met by fair and full disclosure of accounting policies in terms of the statement (1.001) issued by the APB in July 1974. However, this aspect will require to be kept under review by the APB and should significant differences arise then appropriate guidance will be given."

2.3.3 GESAG VAN STANDPUNTE OOR ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

Die gesag van standpunte oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk word deur RE 100: "Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk" duidelik uiteengesit :

- Regsadvies deur die Rekeningkundige Praktykeraad (RPR) ingewin:
 - Indien 'n standpunt van die RPR oor AARP nagekom word, kan aanvaar word dat die voorskrifte van die Maatskappywet oor "algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk" nagekom is
 - Indien 'n standpunt oor AARP nie nagekom word nie, is die regsadvies dat die vraag of die besondere praktyk aan die wetsvereiste voldoen steeds 'n feitlike saak en 'n professionele aangeleentheid wat volgens die verdienste van elke besondere geval beslis moet word. Die bestaan van 'n AARP-standpunt stel wat AARP is, maar is nie deurslaggewend omrede nie-nakoming van 'n AARP-standpunt nie noodwendig 'n oortreding van die vereistes van die Maatskappywet tot gevolg het nie.

- Die Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters het as leiding die volgende gestel:
 - Indien 'n AARP-standpunt nog nie oor 'n besondere praktyk uitgereik is nie, is die kriterium dat die praktyk toegepas:
 - 'n redelike weergawe tot gevolg het;
 - algemeen aanvaar word as toepaslik by die tipe onderneming en die aard van die transaksie daarby betrokke.
- Waar 'n rekeningkundige praktyk aanvaar is wat nie ooreenstem met 'n AARP-standpunt nie, moet die ouditeur met professionele insig die praktyk beoordeel om te bepaal of dit 'n redeliker weergawe van die finansiële state gee en of dit algemeen as toepaslik aanvaar word by die betrokke soort onderneming en transaksie. Indien die ouditeur van mening is dat dit nie die geval is nie, behoort hy sy verslag te kwalifiseer. Dit is goeie rekeningkundige praktyk om enige wesentliche afwyking van 'n AARP-standpunt in die finansiële state te openbaar met 'n rede vir die afwyking.

2.4 GEVOLGTREKKING

Die voorafgaande behoort die begrippe openbaarmaking, rekeningkundige beleid en algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk duideliker te omskryf. Die belangrikheid van die openbaarmaking van rekeningkundige beleid is duidelik uitgewys en in Hoofstuk 3 word gepoog om te bepaal of die nywerheidsbeherende maatskappye wel 'n duidelike beeld van hul finansiële resultate en toestand weergee, deurdat belangrike inligting wel deur die voldoende openbaarmaking van rekeningkundige beleid asook enige verandering daarin tot die gebruiker van finansiële state kom.

REKENINGKUNDIGE BELEID: OPENBAARMAKING IN DIE PRAKTYK

3.1 INLEIDING

Die gebruikers van finansiële state kan geen geldige besluite t.o.v. finansiële state neem sonder die openbaarmaking van die beleid gevolg in die voorbereiding van die finansiële state nie. Hierdie taak word gekompliseer deur die diversiteit van rekeningkundige beleid wat gebruik word in die verskillende fasette van rekeningkunde. Weens die afwesigheid van 'n pertinente lys van aanvaarde rekeningkundige beleid, asook die diversiteit daarvan kan wesenlik verskillende finansiële state daargestel word, gebaseer op dieselfde omstandighede en gebeure (IAS 1, 1975: par. 12 en 13).

Die Rekeningkundige Praktykeraad het in sy Standpunt 1.001 (1974: par. 16) die volgende voorbeelde van aangeleenthede waarvoor verskillende rekeningkundige grondslae erken word, gegee:

- Waardevermindering van vaste bates.
- Behandeling en amortisasie van ontasbare bates soos navorsing- en ontwikkelingsuitgawes, klandisiewaarde, patente en handelsmerke.
- Voorraad en onvoltooide werk.
- Langtermynkontrakte.
- Uitgestelde belasting.
- Paalementtransaksies.
- Huur- en verhuurtransaksies.
- Omrekening van buitelandse valuta.
- Konsolidasiebeleid.
- Eiendomsontwikkelingstransaksies.

- Produk en diensvoorwaardes.

Aangesien hierdie lys nie omvattend is nie, word die volgende items vir die doeleindes van hierdie studie bygevoeg :

- Omset.
- Algemene waarderingsbeleid (historiese koste, algemene koopkrag, vervangingswaarde).
- Beleggings: geassosieerde maatskappye.

Alhoewel daar nie verskillende grondslae vir die volgende items bestaan nie, word hulle ook vir die doeleindes van hierdie studie bygevoeg :

- Ontstaan van gebeure na die balansstaatdatum.
- Verdienste per aandeel.

Die openbaarmaking van wesenlike rekeningkundige beleid moet 'n integrale deel van die finansiële state vorm - gewoonlik as 'n aparte staat (IAS 1, 1975: par. 19).

Om 'n geheelbeeld te vorm van die rekeningkundige beleid gebruik in die voorbereiding van finansiële state, is dit noodsaaklik dat die openbaarmaking van rekeningkundige beleid 'n integrale deel van die finansiële state moet vorm, saamgegroepeer en, myns insiens, in 'n aparte staat voor die aanvang van die inkomtestaat en balansstaat.

3.2 STATUTÊRE, ASOOK VEREISTES VAN ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE STANDPUNTE TEN OPSIGTE VAN OPENBAARMAKING

Die vraag kan op hierdie stadium gestel word, hoe hierdie openbaarmaking van rekeningkundige beleid moet geskied? Onmiddellik word geantwoord: sodanig dat die gebruikers van finansiële state die inligting wat uit hierdie openbaarmaking vloei, optimaal kan gebruik vir moontlike verdere optrede. Die inligting kan slegs optimaal gebruik word indien die openbaarmakingsvereistes aan gestelde vereistes voldoen om die moontlikheid van te veel nie-wesenlike inligting aan die een kant en te min wesenlike inligting aan die ander kant uit te skakel.

Die Maatskappywet no. 61 van 1973, Bylae 4, Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, Geopenbaarde Konsepstandpunte en Internasionale Rekeningkundige Standpunte stel bepaalde openbaarmakingsvereistes ten einde te verseker dat rekeningkundige beleid behoorlik geopenbaar word.

In hierdie studie word gebruik gemaak van die volgende: statutêre vereistes, Geopenbaarde Konsepstandpunte, Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en Internasionale Rekeningkundige Standpunte:

- Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk:
 - Standpunt 1.001: Die openbaarmaking van rekeningkundige beleid (1974).
 - Standpunt 1.002: Belasting in die finansiële state van maatskappye (1975).

- Standpunt 1.003: Buitengewone items en aansuiwerings vir vorige jare (1976).
 - Standpunt 1.004: Verdienste per aandeel (1976).
 - Standpunt 1.005: Openbaarmaking van bruikhuur in die finansiële state van huurders (1982).
- Geopenbaarde Konsepstandpunte:
- Geopenbaarde Konsepstandpunt 10: Verantwoording vir voorraad (1974).
 - Geopenbaarde Konsepstandpunt 14: Verantwoording vir die resultate van verwante maatskappye volgens die ekwiteitsmetode (1976).
 - Geopenbaarde Konsepstandpunt 27: Verrekening van waardevermindering (1980).
 - Geopenbaarde Konsepstandpunt 28: Gebeurlikhede en gebeure na balansstaatdatum (1980).
 - Geopenbaarde Konsepstandpunt 30: Groeps-Finansiële State (1982).
 - Geopenbaarde Konsepstandpunt 32: Verantwoording vir eiendoms-transaksies (1982).
- Internasionale Rekeningkundige Standpunte:
- Internasionale Rekeningkundige Standpunt 1: Openbaarmaking van rekeningkundige beleid (1975).
 - Internasionale Rekeningkundige Standpunt 9: Verantwoording vir navorsing-en ontwikkelingsuitgawes (1978).
- Statutêre vereistes:
- Bylae 4 par. 38 nr. 1 en 2 ten opsigte van omset.

Die finansiële state gebruik in hierdie studie het betrekking op die 1982-boekjaar en as gevolg daarvan word volstaan met standpunte tot en met 1982. Die inhoud van bogenoemde standpunte word nie weergegee nie, weens die onnodige duplisering van feite.

3.3 EVALUERING VAN OPENBAARMAKING VAN REKENINGKUNDIGE BELEID

3.3.1 INLEIDING

Bylae A bevat 'n alfabetiese lys van die maatskappye ondersoek terwyl Bylae B kernagtig 'n beeld gee van die ondersoek. Die wesenlike items in Bylae B onderhewig aan openbaarmaking van rekeningkundige beleid is eerstens gegroepeer onder die hoofde algemene beleid en spesifieke beleid en tweedens binne elke groep in volgorde van die mees volledig geopenbaarde item.

Algemene beleid vir hierdie studie word omskryf as die beleid gevind by elke maatskappy ondersoek en spesifieke beleid gevind net by sommige maatskappye soos ondersoek. Die kriteria wat gebruik is (uitstekend, goed, redelik, swak en nie van toepassing) word as volg omskryf:

- Uitstekend: Hierdie beleid vorm deel van 'n staat oor rekeningkundige beleid en openbaar meer inligting as die vereiste.
- Goed: : Hierdie beleid vorm deel van 'n staat oor rekeningkundige beleid en openbaar die vereiste inligting.
- Redelik : Hierdie beleid vorm nie deel van 'n staat oor rekeningkundige beleid nie, maar wel 'n deel van die aantekeninge tot die finansiële state, tog word voldoende inligting verskaf.

- Swak : Hierdie beleid vorm/vorm nie deel van 'n staat oor rekeningkundige beleid nie en voldoende inligting word nie verstrekk nie.
- Nie van toepassing: Hierdie beleid is nie van toepassing op die maatskappy nie.

T.o.v. die openbaarmaking van 'n verandering in die rekeningkundige beleid word die volgende kriteria gebruik:

- Uitstekend: Die feit van die verandering van die rekeningkundige beleid word gemeld in 'n staat oor rekeningkundige beleid en die openbaarmaking daarvan voldoen aan die vereistes gestel deur Standpunt 1.003 (1977: par. 16) en wel deur 'n aantekening tot die finansiële state.
- Goed : Die feit van die verandering van die rekeningkundige beleid word nie gemeld in 'n staat oor rekeningkundige beleid nie, maar die openbaarmaking voldoen aan die vereistes gestel deur Standpunt 1.003 (1977: par. 16) en wel deur 'n aantekening tot die finansiële state.
- Swak : Die feit van die verandering in rekeningkundige beleid word nie gemeld in 'n staat oor rekeningkundige beleid nie, en dit voldoen nie aan die openbaarmakingsvereistes gestel deur Standpunt 1.003 (1977: par. 16) nie.
- Nie van toepassing: Geen verandering in rekeningkundige beleid het gedurende die rekenpligtige tydperk plaasgevind nie.

Indien nodig, sal kommentaar gelewer word op "goed", andersins geen, aangesien dit in ooreenstemming is met standpunte oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en geopenbaarde konsepsstandpunte.

T.o.v. die geheel van die openbaarmaking van die beleid van elke individuele maatskappy, word die volgende kriteria gebruik:

- Uitstekend: In hierdie geval voldoen 100% van die wesenlike items aan die gestelde openbaarmakingsvereistes.
- Baie goed : In hierdie geval voldoen meer as 80% van die wesenlike items aan die gestelde openbaarmakingsvereistes.
- Goed : In hierdie geval voldoen meer as 60% maar minder as 80% van die wesenlike items aan die gestelde openbaarmakingsvereistes.
- Swak : In hierdie geval voldoen minder as 60% van die wesenlike items aan die gestelde openbaarmakingsvereistes.

T.o.v. die geheel van die openbaarmaking van die beleid van elke individuele item, word die volgende kriteria gebruik:

- Uitstekend: In hierdie geval voldoen 100% van die individuele maatskappye aan die gestelde openbaarmakingsvereistes.
- Baie goed : In hierdie geval voldoen meer as 80% van die individuele maatskappye aan die gestelde openbaarmakingsvereistes.

- Goed : In hierdie geval voldoen meer as 60% maar minder as 80% van die individuele maatskappye aan die gestelde openbaarmakingsvereistes.
- Swak : In hierdie geval voldoen minder as 60% van die individuele maatskappye aan die gestelde openbaarmakingsvereistes.

Weens die belangrikheid van die openbaarmaking van die rekeningkundige beleid gebruik in die behandeling van wesenlike inligting kan 'n persentasie van minder as sestig tereg as swak geklassifiseer word.

3.3.2 ALGEMENE BELEID

- Konsolidasiebeleid: Die openbaarmaking van die beleid gevolg in konsolidasie voldoen aan die verwagtinge behalwe maatskappy nr. 13 waar geen sodanige beleid gevind kan word nie.
- Voorraad: In die geheel gesien is die gestelde openbaarmakingsvereistes nagekom. Kritiek word egter gelewer op die volgende:
 - Maatskappy nr. 8 het in sy staat van rekeningkundige beleid ten opsigte van voorraad slegs die nommer by die aantekeninge tot die finansiële state gegee waar die vereiste inligting gevind kan word. Hierdie tipe openbaarmaking van rekeningkundige beleid word afgekeur aangesien dit nie deel vorm van 'n staat oor rekeningkundige beleid nie.
 - Maatskappy nr. 9: Geen vermelding van die rekeningkundige grondslag gebruik vir die vasstelling van die waarde van voorraad voorhande word gegee nie. Hierdie openbaarmakingsvereiste word uitdruklik voorgeskryf deur Geopenbaarde Konsepstandpunt nr. 10.

- Algemene waarderingsbeleid: 'n Aantal maatskappye (4) bevat geen verwysing om aan te dui op watter basis die finansiële state opgestel is nie, nl. historiese koste, algemene koopkrag en vervangingswaarde. Hierdie maatskappye moet in die afwesigheid van 'n standpunt wat hierdie saak spesifiek voorskryf, ook hierdie inligting onder die gebruikers van finansiële state se aandag bring.
- Waardevermindering op vaste bates: In die geheel gesien, word voldoen aan die openbaarmakingsvereistes in dié opsig dat die gebruiker van finansiële state die inligting kan vind uit die finansiële state. 'n Aantal maatskappye (5) het egter die waardasiegrondslag wat in die bepaling van die bedrae van afskryfbare bates gebruik word nie by die openbaarmaking van rekeningkundige beleid ingesluit nie, maar wel by 'n aantekening tot die finansiële state. Hierdie vereiste word duidelik gestel in Geopenbaarde Konsepstandpunt nr. 27.

Die skrywer is van mening in die Lig van Standpunt 1.006 "Verrekening van waardevermindering" (1983) wat ook hierdie openbaarmakingsvereiste stel dat die maatskappye wat nie hieraan voldoen het nie aan hierdie vereiste sal moet voldoen.

Maatskappy nr. 3 het bykomend inligting bo en behalwe die vereiste inligting verskaf ten opsigte van die behandeling van verbeterings aan bestaande geboue, aanleg en toerusting asook die instandhouding en herstelwerk daarvan wat op die oog af 'n goeie beeld gee van die openbaarmaking van rekeningkundige beleid wat hierdie item betref.

- Omset: 'n Groot aantal maatskappye wat ondersoek is, behandel omset as deel van die staat van rekeningkundige beleid. Hierdie gebruik impliseer dat hierdie maatskappye die metode aangewend om die bedrag van omset vas te stel sodanig van belang ag dat hulle dit openbaar as deel van die staat van rekeningkundige beleid. Die gebruik word aanbeveel bo die gebruik soos gevind by die ander maatskappye waar omset as 'n aantekening tot die finansiële state behandel is soos voorgeskryf deur Bylae 4 par. 38 (1) en (2).
- Uitgestelde belasting: In die geheel gesien, het die maatskappye ondersoek daarin geslaag om uitgestelde belasting duidelik te omskryf deur die voorsiening van insiggewende inligting. Hierdie openbaarmakingsitem het by 'n aantal maatskappye (6) alhoewel inligting voorsien is in die staat van rekeningkundige beleid nie aangedui pertinent watter metode gebruik word om uitgestelde belasting te bereken wat in stryd is met die bepaling van Standpunt 1.002 "Belasting in die finansiële state van maatskappye".

Elke maatskappy moet daarna streef om nie sy gebruikers van finansiële state te laat "wonder" oor byvoorbeeld die metode gebruik om uitgestelde belasting te bereken nie - hy moet dit pertinent stel.

- Verdienste per aandeel: Standpunt 1.002 (1976: par. 08) stel dat die basis vir die berekening van verdienste per aandeel, òf in die inkomstestaat òf in 'n aantekening daarby geopenbaar behoort te word. 'n Aantal maatskappye (4) het hierdie inligting as deel van die staat van rekeningkundige beleid geopenbaar. Hierdie praktyk is aan te beveel aangesien die openbaarmaking van inligting betreffende wesenlike items as 'n eenheid saamgegroepeer word.

Maatskappye nr: 9 en 13 het geen aanduiding gegee òf in inkomste-
staat òf in 'n aantekening daarby òf in die staat van rekeningkundige
beleid van die verdienste per aandeel nie. Die weerhouding van
hierdie inligting gaan lei tot 'n verlies van vertroue deur die ge-
bruikers in die finansiële state.

3.3.3 SPESIFIEKE BELEID

Die volgende wesenlike items het voldoen aan die gestelde openbaar-
makingsvereistes:

- Langtermynkontrakte.
- Huur, Huurkoop en Paciemmenttransaksies.
- Ontasbare bates.
- Eiendomsontwikkelingstransaksies.

Kommentaar word gelewer oor die volgende wesenlike items:

- Omrekening van buitelandse valuta: Maatskappy nr. 1 het daarin ge-
slaag om 'n duidelike beeld te verskaf oor die openbaarmaking van
die rekeningkundige beleid ten opsigte van die omrekening van buite-
landse valuta. Hierdie maatskappy het die volgende inligting ge-
openbaar:
 - Die basis vir die omrekening van buitelandse valuta.
 - Die behandeling van valutaverskille.

Laasgenoemde inligting het by 'n aantal maatskappye ontbreek en dit
word aanbeveel dat hierdie inligting deel vorm van die staat van
rekeningkundige beleid sodat die gebruiker van finansiële state
nie moet "wonder" oor bepaalde inligting nie.

- Beleggings in geassosieerde maatskappye: Opvallende inligting wat geopenbaar word by die maatskappye soos ondersoek behalwe maatskappy nr. 8 is 'n omskrywing van die begrip "geassosieerde maatskappye" wat in ooreenstemming is met die vereistes van RE 110 "Verantwoording vir die resultate van geassosieerde maatskappye en nie-gekonsolideerde filiale onder die ekwiteitsmetode" (1983). Hierdeur het die maatskappye betekenisvolle inligting voorsien omrede ten tye van die voorbereiding van die finansiële state geen Standpunt oor algemene aanvaarde rekeningkundige praktyk, wat hierdie inligting vereis, bestaan het nie.

'n Duidelike beskrywing van die basis vir verantwoording van geassosieerde maatskappye onder die ekwiteitsmetode is geopenbaar, maar net maatskappy nrs. 1 en 4 het die metode van verantwoording pertinent gestel. Hierdie gebruik word aanbeveel ten einde enige verwarring onder die gebruikers van finansiële state uit te skakel.

- Voorwaardelike aanspreeklikhede: Alhoewel aan die gestelde openbaarmakingsvereiste voldoen is en wel tot 'n aantekening by die finansiële state word geen melding gemaak van voorwaardelike aanspreeklikhede in die staat van rekeningkundige beleid nie.

Die bedrag van 'n voorwaardelike aanspreeklikheid asook die finansiële effek daarvan moet openbaar word ingevolge Geopenbaarde Konsep 28 wat strook met RE 107: "Gebeurlikhede en gebeure na balansstaatdatum." Hierdie vereiste is soms onderhewig aan skattings vanweë die moontlike plaasvind van 'n gebeure en goeie rekeningkundige praktyk sal wees om die basis waarop hierdie skatting gemaak is te openbaar en wel in die staat van rekeningkundige beleid, saam met die feit dat voorwaardelike aanspreeklikhede bestaan. Hierdie dien as 'n aanbeveling.

3.3.4 VERANDERING IN REKENINGKUNDIGE BELEID

Die meerderheid maatskappye, uitgesonderd dié waarin 'n verandering in rekeningkundige beleid voorkom, verklaar duidelik voordat die openbaarmaking van rekeningkundige beleid plaasvind dat die beleid konsekwent in ooreenstemming met die van die vorige jaar gevolg word. Hierdie gebruik word onderskryf aangesien die gebruiker wesenlike inligting ontvang wat hom gaan help in die bestudering van die finansiële state.

Die volgende teenstrydigheid is opgemerk by maatskappy nr. 3 en dit word veroordeel aangesien dit die vertroue in die finansiële state skaad:

Die staat oor die openbaarmaking van rekeningkundige beleid begin met die volgende sin: "Die belangrikste rekeningkundige beleidsrigtings van die groep wat hieronder uiteengesit is, is in alle wesenlike opsigte konsekwent gevolg". In 'n aantekening by die finansiële state word die volgende veranderings in rekeningkundige grondslae gegee:

- 'n Filiaalmaatskappy het die LIEU -metode van voorraadwaardasie aanvaar.
- Die groep maak nie meer voorsiening vir waardevermindering op beleggingsgeboue nie.
- Buitelandse filiale het hul metode van verantwoording vir buitelandse valuta aangepas ten einde aan die houermaatskappy se beleid te voldoen.

Aan die openbaarmakingsvereistes van Standpunt 1.003 is voldoen behalwe die invloed van die nuwe beleid op die netto inkomste voor en na buitengewone items t.o.v. die jaar van verandering is nie geopenbaar nie.

Maatskappy nr. 4 het eweneens nie voldoen aan die gestelde vereistes nie deur slegs die invloed van die nuwe beleid op die netto inkomste voor en na buitengewone items t.o.v. die jaar van verandering te openbaar.

3.3.5 SAMEVATTING

Enkele maatskappye het uitmuntend daarin geslaag om die rekeningkundige beleid gevolg in die behandeling van wesenlike items op 'n verstaanbare, bondige en duidelike wyse te openbaar, alhoewel 'n aantal maatskappye nie aan die gestelde vereistes voldoen het nie.

Geen patroon kon in die staat van rekeningkundige beleid gevind word t.o.v. die aanbieding van die wesenlike items nie. Myns insiens moet eers die belangrikste, oftewel die algemene beleid, en daarna die spesifieke beleid geopenbaar word vir 'n beter beeld van die rekeningkundige beleid.

Voorts kan die vraag gestel word: Waar kom die staat van rekeningkundige beleid die beste tot sy reg, voor die finansiële state of as die eerste aantekening tot die finansiële state? 'n Aantal maatskappye het die eerste gebruik gevolg, wat aan te beveel is, aangesien die rekeningkundige beleid die "sleutel" tot die finansiële state is - dit voorsien inligting om die finansiële state optimaal te verstaan.

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

4.1 INLEIDING

Dit blyk duidelik uit die literatuur, standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, Maatskappywet no. 61 van 1973 en gepubliseerde finansiële jaarstate van die maatskappye ondersoek, dat elke maatskappy, met enkele uitsonderings, wel daarin geslaag het om in 'n staat van rekeningkundige beleid bruikbare inligting aan die gebruikers van finansiële state te voorsien.

4.2 REKENINGKUNDE, FINANSIËLE STATE EN GEBRUIKERS VAN FINANSIËLE STATE

Rekeningkunde is onmisbaar in die samelewing en meer nog, heeltemal onmisbaar in die sakelewe. Wesenlike inligting word geïdentifiseer en aangeteken in terme van geld. Aangesien groepe persone belang het by die aangetekende inligting, word die inligting opgesom in die vorm van finansiële state. Hierdie finansiële state vorm 'n betekenisvolle geheelbeeld van die finansiële resultate van 'n onderneming se ekonomiese bedrywighede en die gevolglike finansiële toestand van sake.

Die inligting wat deur die finansiële state voorsien word, moet bruikbare en wesenlike inligting wees. 'n Belangrike vereiste van finansiële state is dat hulle vergelykbaar moet wees met dié van vorige tydperke. Alleen dan kan geldige besluite geneem word. Die belangrikste beperkings is myns insiens die feit dat finansiële state gebaseer is op historiese koste wat in die meeste gevalle nie huidige markwaardes verteenwoordig nie en dat die waarde van geld in terme van algemene koopkrag baie fluktuasies ondergaan wat meebring dat finansiële state oor 'n tydperk moeilik vergelykbaar is.

4.3 OPENBAARMAKING VAN REKENINGKUNDIGE BELEID EN ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

Volle openbaarmaking impliseer die weergee van wesenlike inligting aan die gebruikers van finansiële state. Hierdie openbaarmaking van inligting is hulle reg aangesien hulle in die meeste van die gevalle 'n finansiële belang by die onderneming het. Openbaarmaking in maatskappy finansiële state word in die RSA statutêr afgedwing om die moontlikheid van bedrog uit te skakel.

Die rekeningkundige beleid van 'n onderneming is die bepaalde rekeningkundige grondslae wat 'n bepaalde onderneming se behoeftes die beste bevredig. Die openbaarmaking van hierdie rekeningkundige beleid moet uit die aard van die saak 'n integrale deel van die finansiële state vorm, sodanig dat dit duidelike en wesenlike inligting openbaar. Daar moet gewaak word teen 'n oormaat nie-wesenlike inligting. Enige verandering in rekeningkundige beleid moet duidelik vermeld word sowel die uitwerking van die verandering, wat indien wesenlik, geopenbaar moet word.

Die begrip "algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk" impliseer die standaard prosedures en metodes wat in die rekeningkundige praktyk algemeen nagekom word. Die riglyne hierdeur voorsien verseker 'n hoë graad van konsekwentheid van inligting in finansiële state wat weer vergelykbaarheid van finansiële state impliseer.

Aanbeveling:

Die openbaarmaking van rekeningkundige beleid binne die raamwerk van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk moet as een van die

belangrikste aantekeninge tot die finansiële state beskou word, en as sodanig behandel word. Dit verskaf essensiële inligting om die syfers in die finansiële state beter te verstaan.

4.4 REKENINGKUNDIGE BELEID: OPENBAARMAKING IN DIE PRAKTYK

In die algemeen kan verklaar word dat die maatskappye wat ondersoek is wel deeglik onder die besef is van die belangrikheid van die voldoende openbaarmaking van rekeningkundige beleid. 'n Groot aantal van die maatskappye ondersoek, het uitmuntend daarin geslaag om verstaanbare en konsekwente rekeningkundige beleid te openbaar. 'n Klein aantal maatskappye sal egter werk daarvan moet maak om nie net die absolute minimum inligting te openbaar nie, maar om hierdie inligting aan te vul sodat die gebruikers van finansiële state onmiddellik die rekeningkundige beleid gebruik in die behandeling van wesenlike inligting, ten volle kan begryp.

Aanbevelings:

Dit word sterk aanbeveel dat omset en verdienste per aandeel deel moet vorm van die staat van rekeningkundige beleid soos dit alreeds by sommige maatskappye die praktyk is.

Die staat van rekeningkundige beleid behoort, soos gevind by sommige maatskappye, voor die finansiële state gevoeg te word. Indien dit deel vorm van die aantekeninge tot die finansiële state, word afbreek gedoen aan die belangrikheid daarvan.

Die klassifisering van rekeningkundige beleid as algerene en spesifieke beleid binne die staat van rekeningkundige beleid sal bydra tot 'n meer sistematiese aanbieding van rekeningkundige beleid as wat tans die

gebruik is.

Hierdie aanbevelings kan myns insiens net bydra om die kwaliteit van die openbaarmaking van rekeningkundige beleid te verhoog.

TOEKENNING VAN NOMMERS AAN DIE NYWERHEIDSBEHERENDE MAATSKAPPYE
GEBRUIK IN DIE ONDERSOEK

- ANGLO AMERICAN INDUSTRIAL CORPORATION LIMITED (AMIC)	1
- ANGLO TRANSVAAL INDUSTRIES LIMITED	2
- BARLOW RAND LIMITED	3
- BLUE CIRCLE LIMITED	4
- BONUSKOR LIMITED	5
- BROMAIN HOLDINGS LIMITED	6
- C.G. SMITH LIMITED	7
- CURRIE FINANCE CORPORATION LIMITED (CURFIN)	8
- DARLING EN HODGSON LIMITED	9
- FEDERALE VOLKSBELEGGINGS BEPERK	10
- MALBAK LIMITED	11
- MICOR HOLDINGS LIMITED	12
- NICTUS FINANSIELE INSTELLINGS BEPERK	13
- PICARDI FINANCE COMPANY LIMITED (PICFIN)	14
- PREMIER INDUSTRIES LIMITED	15

BYLAE B

DIE BEOORDELING VAN DIE OPENBAARMAKING VAN DIE REKENINGKUNDIGE BELEID VAN DIE MAATSKAPPY E ONDERSOEK

KRITERIA: UITSTEKEND (U), BAIE GOED (BG), GOED (G), REDELIK (R) EN NIE VAN TOEPASSING (N).

	ALGEMENE BELEID							SPESIFIEKE BELEID								VERANDERING IN REKENINGKUNDIGE BELEID	GEHEEL
	KONSOLIDASIEBELEID	VOORRAAD	WAARDEVERMINDERING OP VASTE BATES	OMSET	ALGEMENE WAARDERINGS-BELEID	UITGESTELDE BELASTING	VERDIENSTE PER AANDEEL	LANGTERMYN KONTRAKTE	HUUR, HUURKOOP EN PAAIEMENTSTRANSAKSIES	EIENDOMSONTWIKKELINGS-TRANSAKSIES	BELEGGINGS IN GEASSO-SIEERDE MAATSKAPPY	ONTASBARE BATES	OMREKENING VAN BUITELANDSE VALUTA	VOORWAARDELIKE AANSPEEKLIKHEDE	ONTSTAAN VAN GEBEURE NA BALANSSTAATDITUM		
1	G	G	G	G	G	G	R	N	G	N	U	G	U	R	N	N	BG
2	G	G	R	R	G	S	R	G	G	N	N	N	G	R	N	G	S
3	G	G	U	G	G	G	R	N	G	G	G	G	G	R	N	S	G
4	G	G	G	G	G	S	S	G	G	G	G	N	G	R	N	S	G
5	G	G	G	R	G	G	R	N	G	N	N	G	S	R	N	N	G
6	G	G	G	G	S	S	G	N	G	N	G	G	S	R	N	N	G
7	G	G	G	G	G	G	G	N	G	N	G	G	G	R	N	G	BG
8	G	R	G	G	G	G	R	N	G	N	S	G	G	R	N	N	G
9	G	S	G	G	S	S	S	N	N	N	G	N	S	R	N	N	S
10	G	G	G	R	G	G	R	N	G	N	N	N	S	R	N	N	G
11	G	G	R	G	S	G	G	G	G	N	G	G	S	N	N	G	BG
12	G	G	R	R	G	S	G	N	G	N	N	N	G	N	N	N	G
13	S	G	R	S	R	S	S	N	G	N	N	N	N	N	N	N	S
14	G	G	R	G	G	G	R	N	N	N	G	G	N	R	N	N	G
15	G	G	G	G	S	G	R	G	G	N	N	N	G	R	N	N	G
Geheel	BG	BG	G	G	G	G	S	U	U	U	BG	BG	G	S	N	G	

BIBLIOGRAFIE

- Bernstein, L.A. 1978. Financial statement analysis: theory, application and interpretation. Homewood, Ill : Irwin.
- Bernstein, L.A. 1983. Financial statement analysis: theory, application and interpretation. 3th ed. Homewood, Ill : Irwin.
- Bierman, H. & Drebein, A.R. 1972. Financial accounting. London : Macmillan.
- Cilliers, H.S. & Rossouw, S. 1981. Maatskappy finansiële state. 4de uitg. Durban : Butterworth.
- Dickenson, K.C. 1976. What is the matter with accounting? South African Chartered Accountant, 12 (12): 431-432, Dec.
- Everingham, G.K. & Hopkins, B.D. 1982. Generally accepted accounting practice: a South African viewpoint. 2nd ed. Cape Town : Juta.
- Faul, M.A., Pistorius C.W.I. & Van Vuuren, L.M. 1974. Rekeningkunde: 'n inleiding. Durban : Butterworth.
- Faul, M.A., Van Vuuren L.V., Redelinghuys, H.F. & Everingham, G.K. 1982. 'n Basiese teorie van rekeningkunde. South African Chartered Accountant, 18 (1): 25-29, Jan.
- Hawkins, D.F. 1977. Corporate financial reporting. Illinois : Irwin.
- Herman, A. 1980. Finansiële verslaggewing: wat nou? South African Chartered Accountant, 16 (2): 53-54, Febr.
- International Accounting Standard Committee. 1975. International accounting standard (IAS 1): Disclosure of accounting policies. Johannesburg.
- International Accounting Standards Committee. 1978. International accounting standard (IAS 9): Accounting for research and development activities. Johannesburg.

- Joplin, P. & Pattillo, J.W. 1969. Effective accounting reports. Englewood Cliffs, N.I. : Prentice-Hall.
- Kennedy, R.D. & McMullen, S.Y. 1973. Financial statements: form, analysis and interpretation. 6th ed. Illinois : Irwin.
- Kieso, D.E. & Weygandt, J.J. 1983. Intermediate accounting. 4th ed. New York : Wiley.
- Lee, T.A. 1976. Company financial reporting issues and analysis. London : Nelson.
- Mc Mullen, S.Y. 1979. Financial statements: form, analysis and interpretation. Illinois : Irwin.
- Meigs, W.B., Johnson, C.E. & Meigs, R.F. 1977. Accounting: the basis for business decisions. 4th ed. New York : Mc Graw-Hill.
- Miller, M.A. 1982. A comprehensive restatement of all current promulgated generally accepted accounting principles. 5th ed. New York : Harcourt Brace Jovanovich.
- Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booysen, C.M. 1971. Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Skinner, R.M. 1972. Accounting principles. Toronto : Canadian Institute of Chartered Accountants.
- Spiller, E.A. 1977. Financial accounting: basic concepts. Illinois : Irwin.
- Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters. 1974. Standpunt oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk 1.001: Die openbaarmaking van rekeningkundige beleid. Johannesburg.
- Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters. 1974. Geopenbaarde Konsepstandpunt 10: Verantwoording vir voorraad. Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1975. Standpunt oor algemeen aanvaarde
rekeningkundige praktyk 1.002: Belas-
ting in die finansiële state van maat-
skappye. Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1976. Standpunt oor algemeen aanvaarde
rekeningkundige praktyk 1.003. Buiten-
gewone items en aansuiwerings vir vorige
jare. Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1976. Standpunt oor algemeen aanvaarde
rekeningkundige praktyk 1.004: Verdienste
per aandeel. Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1976. Geopenbaarde Konsepstandpunt 14:
Verantwoording vir die resultate van
verwante maatskappye volgens die ekwi-
teitsmetode. Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1978. Omsendbrief NC 2/76. Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1980. Geopenbaarde Konsepstandpunt 27:
Verrekening van waardevermindering.
Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1980. Geopenbaarde Konsepstandpunt 28:
Gebeurlikhede en gebeure na balansstaat-
datum. Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1982. Geopenbaarde Konsepstandpunt 30:
Groeps - Finansiële State. Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1982. Standpunt oor algemeen aanvaarde
rekeningkundige praktyk 1.005: Openbaar-
making van bruikhuur in die finansiële
state van huurders. Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1982. Geopenbaarde Konsepstandpunt 32:
Verantwoording vir eiendomstransaksies.
Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1983. Standpunt oor algemeen aanvaarde
rekeningkundige praktyk 1.006: Verreke-
kening van waardevermindering. Johannes-
burg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1983. Standpunt oor algemeen aanvaarde
rekeningkundige praktyk RE 100: Algemeen
aanvaarde rekeningkundige praktyk.
Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1983. Standpunt oor algemeen aanvaarde
rekeningkundige praktyk RE 110: Verant-
woording vir die resultate van geasso-
sieerde maatskappye en nie-gekonsoli-
deerde filiale onder die ekwiteitsmetode.
Johannesburg.

Suid-Afrikaanse Instituut
van Geoktrooieerde
Rekenmeesters.

1983. Standpunt oor algemeen aanvaarde
rekeningkundige praktyk RE 107: Gebeur-
likhede en gebeure na balansstaatdatum.
Johannesburg.

Van der Merwe, D.S.

1976. Die ontleding van rekeningkundige
finansiële jaarstate as 'n hulpmiddel
vir die ouditeur met verwysing na die
gebruik daarvan in Transvaal. Potchef-
stroom. (Proefskrif (D. Comm) - PU vir
CHO.)

Visser, F.J.A.C.

1978. 'n Geskiedkundige oorsig van die
ontwikkeling van finansiële jaarstate
van maatskappye in Suid-Afrika.
Potchefstroom. (Proefskrif (D. Comm)
- PU vir CHO.)

Welsch, G.A. &
Anthony, R.N.

1977. Fundamentals of financial accoun-
ting. Illinois : Irwin.

SUMMARY

Seeing that the financial statements of a business supply important and essential information to those who use these statements, the importance of the disclosure of this vital information cannot be stressed sufficiently. These people have every right to insist on this disclosure of information seeing that they have a financial interest in the company.

The accounting policy of a business is those particular accounting principles which best satisfy the company's requirements. The existence of different accounting principles which can be applied in the treatment of a particular item emphasize the importance of the disclosure of the accountancy policy to show which accountancy principles are applied consistently to a particular item from year to year.

The majority of companies investigated succeeded excellently in giving each reader, and in particular, every user of financial statements, a clear picture of the accounting policy followed in the treatment of vital items. A practice which can be recommended and which has been used by some companies, is to highlight the statement of accounting policies by disclosing it prior to the financial statements, instead of disclosing it as part of the notes to the financial statements. It was found in the course of the investigation that a number of small companies will have to be careful not to disclose only the absolute minimum of information with regard to their accounting policies.

Turnover and earnings per share form part of the statement of accounting policy in the case of some companies. Although turnover is not specifically prescribed to be disclosed, this practice can only contribute to a better understanding of vital information.

In order to further increase the quality of the accounting policy as disclosed in the financial statements, as well as to contribute to a more systematic presentation of accounting policy, it can be divided into a general policy that is used by all companies and a specific policy which is found only in some companies, depending on their nature.